

## DIE GOUE MANNAKRUIK IN DIE TROON.

Clanwilliam (18:00) 2013/06/28

### Liturgie:

1. Votum
2. Groetseën
3. **Ps 105:1** (bl. 514)
4. Gebed vir Woord bediening en alle nood .
5. Skriflesing : **Eksodus 16; Hebreërs 9:1-5**
6. Preek : **Eksodus 16:33,34**
7. H Kat. **Sondag 50, v/a 125**

*Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is. Laat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie baat nie. Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek en op U alleen stel.*

8. Dankgebed.
9. Diens van Barmhartigheid
10. **Ps 78:1,8,9** (390)
11. Slotseën : 2 Korintiërs 13:14 .
12. AMEN

### Teks

<sup>33</sup> *Moses sê toe vir Aäron: Neem 'n kruik en gooi 'n gomer vol manna daarin, en sit dit voor die aangesig van die HERE neer, om dit vir julle geslagte te bewaar.*

<sup>34</sup> *Soos die HERE Moses beveel het, so het Aäron dit voor die Getuienis neergesit om bewaar te word.*

Geliefde Gemeente van ons Here Jesus Christus'

## 1 INLEIDING

In die veertig dae tussen ons Verlosser se opstanding en sy hemelvaart het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.

Die herdenking van Hemelvaart vier ons vanjaar op 24 Mei.

Vanmôre spits die prediking hom toe op dinge van die Koninkryk vanuit die vierde bede van die *Onse Vader*.

## 2 DIE BYBEL IS NIE NET DIE PSALMS EN NUWE TESTAMENT NIE.

Daar is mense wat dink die Ou Testament is vir Christene oorbodig — al wat tel is die Nuwe Testament en . . . . miskien nog die Psalms om te lees, maar nie te sing nie!

As 'n mens 'n nuwe huis bewoon of 'n nuwe motor koop — so redeneer hulle — dan is die oue verkoop en nie meer joune nie en dus ook nie meer vir jou van belang nie.

Volgens hierdie opvatting hoef die Verbondsboek (op twee kliptafels met God se eie hand geskryf) en in Deuteronomium opnuut bevestig, nie meer in die erediens gelees te word nie.

Hierdie argument is egter nie van toepassing op die heilige Woord van God nie.

Die Ou Testament (of Verbond waarna ons vanoggend nog weer met aandag geluister het), is 'n onafskeidbare déél van God se Woord.

Die Nuwe Testament is nie 'n *ander* Verbond nie, maar die oue wat vernuwe is. Die Ou Testament bevat die Verbondsbeloftes en die Nuwe Testament is die vervulling daarvan — dit is soos 'n ou huis wat opgeknop is met nuwe aanbouings en nuut geverf: 'n nuwe huis, maar op die ou fondamente!

Dat hulle argument nie geldig is nie, word ryklik geïllustreer in Eksodus 16 en Hebreërs 9 waaruit ons vanmôre gelees het.

Jesus het ook die skare in Kapernaum geantwoord:

*<sup>48</sup> Ek is die brood van die lewe. <sup>49</sup> Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. <sup>50</sup> Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. <sup>51</sup> Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee. (Johannes 6:48 – 51).*

### 3 DIE VIERDE BEDE VAN DIE ONSE VADER — 'N PORSIE BROOD PER DAG?

As ons dan nou in die vierde bede geleer word om só te bid:

*Gee ons vandag ons daaglikse brood.*

📖 Neem die Here Jesus Christus ons daarmee na die Troon van God se genade

📖 Rig Hy ons oë op die manna kruik wat in die troon van God is

Dan is dit nie maar 'n gebed vir 'n daaglikse porsie brood nie, maar gaan dit om “*die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee.*”

Daarom gaan in die *Onse Vader* die bede om brood aan die bede om skuldvergifenis vooraf.

Ook daaglikse brood behoort by ons gebede. Gevoude hande gaan aan werkende hande vooraf. Wie met sy *brood biddende* tot God gaan, moet ook met *werkende hande* met God wandel.

Om te kan *verdien* moet ons leer om eers te *dien*.

Juis daarom behoort ons daaglikse brood ook by ons gebede. Dit gaan egter oor meer as kos — dit sluit ook ons arbeid in !

In die vierde bede — só bely ons — gaan dit om ons arbeid en die gawes van God wat sonder sy seën ons nie tot voordeel kan strek nie. Op Hom alléén moet ons vertrou om aan die eerste Gebod “Jy mag naas My geen ander gode hê nie” gehoorsaam te wees. Dit beteken:

*Ek moet ter wille van my sieleheil, alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê, vrees en eer. Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel*

### 4 DIE VIERDE BEDE VAN DIE ONSE VADER — DIE TROON VAN GOD.

Om te bid beteken om na God se genade troon te gaan met ons nood en behoeftes.

Die Skrif leer ons dit in Hebreërs 4:14-16

*<sup>14</sup>Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. <sup>15</sup>Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. <sup>16</sup>Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.*

In die Ou Testament was die goue Ark in die Allerheiligste van die Tabernakel en later die Tempel, die aardse Troon setel van God Drie-enig onder sy Verbondsvolk.

Die Verbondsark, oorgetrek met suiwer goud, met die versoendeksel van louter goud in die Allerheiligste — eers in die Tabernakel gedurende die 40 jaar in die woestyn en later van die Tempel— was die sigbare Troon setel van God onder sy Ou Testamentiese Verbondsvolk op *aarde*.

## 5 DIE VIERDE BEDE VAN DIE ONSE VADER — DURF ONS OM BROOD VRA?

Mag ons nou met 'n gebed om brood, wat so aards klink, na die troon van genade gaan om gehelp te word?

Ja – duisend maal Ja !! ons mag en moet vra om daaglikse brood, want dit bring ryke seën.

Hierdie antwoord vind ons in die Verbondsark — omtrent so groot soos 'n outydse lessenaar — waarin die wonderlike betekenis van die vierde bede reeds simbolies in opgeneem is.

Benewens die twee kliptafels van die Wet en die staf van Aäron met bloeisels was daar ook 'n goue kruik met **manna** in.

Net soos die tafel van die Toonbrode in die Heilige van die tabernakel en Tempel. Verkondig die manna:

- 📖 dat die HERE ook God is van die brood en vir sy volk sorg, veral in tye van nood;
- 📖 dat God alle arbeid moet seën en dat Hy **die Vader** is van Wie alle goeie gawes en elke volmaakte geskenk van bo-af neerdaal;
- 📖 dat Hy dit doen om Christus wil — die goue manna kruik het onder die **versoendeksel** in die Ark gestaan. Jesus Christus, ons Middelaar en Verlosser, wat met sy bloed aan die kruis van Golgota vir ons sondes **versoening** gedoen het, is dié **MANNA** wat uit die hemel neergedaal het — die **BROOD VAN DIE EWIGE LEWE**;
- 📖 dat God, ons Vader wat in die hemele is, ons daaglikse brood as 'n kinder porsie gee.

## 6 SLOT

Ons sit net met Nagmaal aan die tafel van die Here nie !!! Ook in ons natuurlike alledaagse lewe met wat ons eet en drink, sit ons aan die tafel van ons Vader wat in die hemel is. Ons hemelse Vader voed ons.

Luister na die woorde uit Jesus se eie mond:

<sup>26</sup>*Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?* <sup>27</sup>*Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng?* <sup>28</sup>*En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie.* <sup>29</sup>*Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.* <sup>30</sup>*As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?*

<sup>31</sup>*“Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie.* <sup>32</sup>*Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.*

Hoe ondankbaar is dan die kind van die Here wat nie aan tafel bid nie — “Ek hoef nie vir die kos te bid nie, ek het mos daarvoor gewerk?!”

Stuur liever u gebed na die Troon setel van God in die Allerhoogste hemele waar die manna kruik — die BROOD VAN DIE LEWE om u en my onthalwe is.

Vra brood.

Vra dit in kinderlike ootmoed, volle afhanklikheid en in stille vertrouwe.

Ken Hom in al jou weë – ook in die klein dingetjies – die alledaagse – ’n stukkie brood.

Hy sal sorg.

**AMEN**